
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

GOD SE UITNODIGINGS

Daar is iets baie kragtigs omtrent 'n uitnodiging. Om te weet dat iemand genoeg vir ons as individue omgee om ons teenwoordigheid te begeer en verder om ons op te soek en ons teenwoordigheid te vra, het 'n geweldige uitwerking op hoe ons na onsself kyk. In werklikheid is daar baie min dinge wat dit so bekragtig as om 'n persoonlike uitnodiging na 'n belangrike gebeurtenis te kry nie.

Natuurlik is nie alle uitnodigings eenders geskep nie. 'n Uitnodiging na 'n vriend se troue, 'n belangrike ete of om 'n bevordering te kry laat ons nodig en gewaardeerd, welkom en ingesluit voel. 'n Uitnodiging egter na jurie diens, om na 'n groep energieke tieners om te sien of 'n moeilike Sondagskool klas oor te neem het moontlik nie dieselfde uitwerking nie. Ons is opgemerk, ons is waarskynlik nodig, maar tog is die resultaat nie dieselfde nie. Dan is daar die verknorsing waarin ons onsself kan bevind wanneer ons die een is wat die uitnodigings moet doen. Wie moet op die lys wees wanneer daar net 'n sekere hoeveelheid sitplekke is of plekke aan die tafel? Wat doen jy gedurende vakansietyd met die familielid wat probleme met ander lede van die familie het of die bure langs jou wat nie met die gesin oorkant die straat praat nie? Om te kies wie uitgenooi moet word, wat eintlik beteken om te besluit wie uitgelaat moet word, kan die vreugde wegneem uit 'n andersins prettige en opgewonde tyd.

Die Perfekte Uitnodiging – Elke Keer

Alhoewel ons dit dikwels nie besef nie, is ons as gelowiges in die God van die Heelal, die ontvangers van 'n konstante vloei van uitnodigings: deur diegene wat die bladsye van die Bybel vul tot diegene wat in daardie stil sagte Stem vir ons fluister. En hulle is volmaak, omdat Hy volmaak is. Moet egter nie 'n fout begaan nie, die God wat die mensdom genooi het om deel te neem aan die skepping, wie die mensdom genooi het om in 'n persoonlike verhouding met Hom te wees, wie Israel uitgenooi het om Sy kosbare besitting te wees en die nasies om by Sy troon te aanbid, nooi vandag nog steeds uit. En terwyl sommige van daardie uitnodigings ons met vreugde en opgewondenheid vul, wat ons kosbaar en selfs vereer voel, vul ander ons met huiwering omdat ons hulle as geleenthede van inspanning en groei sien. Maar ongeag van die meegaande emosie, kom hulle almal uit 'n Hart van volmaakte liefde. En hulle almal vereis 'n "RSVP".

'n Uitnodiging om te Wag

Vir sommige van ons is die moeilikste aspek van ons lewens om te wag. "God se mees oorweldigende uitnodiging." Feitlik elke karakter in die Skrif moes 'n tyd wag. Noag het 40 dae in die ark gewag gedurende die storm en toe 150 dae om uit te gaan toe die reën opgehou het. Moses het 40 jaar in Midian en 40 jaar in die woestyn gewag. Israel het 400 jaar gewag om van Egipte bevry te word. Dawid, Jesaja, Jeremia, Gideon, Elija, Paulus, Petrus en ontelbare ander Bybelse helde se karakters is gesmee in die smeltkroes wat ons wag noem.

Vir baie van ons, is dit 'n uitnodiging wat ons liewer wil ignoreer. Dit verwag van ons om die behoefte om ander mense en omstandighede te beheer te laat gaan en God werklik te vertrou. Dit

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - God se uitnodigings….)

vereis dat ons, ons eie agendas, ons dinge, ons onrealistiese verwagtings moet neerlê, en glo dat God in beheer is en Sy tydsberekening is by verre beter as ons s'n.

Ons leef in 'n wêreld wat beheer word deur 'n verslawing aan spoed. Kits kos, snelweë, vinnige gesprekke, vinnige maaltye, vinnige gebede, kort kommunikasies, vinnige vergaderings – dit alles lyk bekwaam en produktief. Terwyl tegnologie, wat werklik 'n makliker lewe vir hierdie geslag voorsien het as enige ander, het net ons obsessie met onmiddellike resultate vererger. Dit het dit vir ons onmoontlik gemaak om te wag, 'n gemeenskap wie se kenteken ongeduld is.

Maar God herinner ons aanhoudend dat dit in stilte en sekerheid in Hom (Jes.30:15), wag en vertroue is, dat ons ons ware krag sal vind. Die Skrif sê vir ons dat geduld 'n vrug van die Heilige Gees is, gekweek en gevoed in ons harte deur 'n gewilligheid om ons chaotiese lewens oor te gee en te wag. Vir baie van ons beskryf Ps.69:4 ons ongeduldige ondervinding: **"Ek is moeg van my geroep, my keel brand, my oë versmag terwyl ek wag op my God."** Maar opregte geloof weet dat die ware ding gaan gebeur net hier waar ek met my God is, as ek net gewillig is om daarvoor te wag. **Ps. 62:5 sê: "Wees net maar stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting!"**

'n Uitnodiging om te Aanbid

Aanbidding is werklik een van die belangrikste en die mees algemeenste begrippe in die Bybel. God nooi almal wat by Sy naam geroep is om Hom in gees en waarheid te aanbid. By bible.org, word die volgende definisie van aanbidding gegee: **"Aanbidding is die nederige reaksie van die mens op die self-onthulling van die Allerhoogste God. Dit is gebaseer op die werk van God. Dit word bereik deur die aktiwiteit van God. Dit is gerig tot God, dit word uitgedruk deur die lippe in lofprysing en deur die lewe in diens."** Hierdie definisie maak dit duidelik dat aanbidding gebeur deur die uitnodiging, aansporing en bevoegdheid van God Self. In verskillende vorme, word dit honderde kere in die Skrif genoem.

Dit is egter belangrik om daarop te let, dat die Bybel feitlik netsoveel spasie laat vir valse aanbidding as die ware. In die eerste hoofstukke van die Bybel, is Kain se offer deur God verwerp omdat dit valse aanbidding was (Gen.4:5).

In die Christelike Skrifte skryf Paulus dat God geregverdig was om die mens te veroordeel omdat hy in dwaling aanbid het: **"hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen" (Rom. 1:25).** Die Skrif verklaar ook duidelik die belangrikheid wat God plaas op die regte soort aanbidding: **"Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid" (Joh. 4:23).**

God nooi mans en vrouens uit om aanbidders te wees, ware aanbidders, wat deur oorgawe en gehoorsame lewens Hom in gees en waarheid aanbid. Daar is verskeie woorde in beide Grieks en Hebreeus wat as aanbidding vertaal word. Die woord wat die meeste in beide die Ou en Nuwe Testamente gebruik word vir "aanbidding" is een wat beteken om neer te buig. Dit is om neer te buig of om jouself uit te strek in onderdanigheid en eerbied. Hierdie uiterlike posisie weerspieël 'n innerlike houding van onderdanigheid en respek. Soos die woorde verband het met aanbidding, dra hulle 'n hoë aansien van God en 'n nederige mening van die self, sien God in Sy volmaaktheid en die mens in sy onvolmaaktheid.

Soos verwag word van die wat wag, smeek God Sy mense om weg te draai van hul besige lewens, Sy totale soewereinheid te erken en Hom te nader met volkome eerbied en toewyding. Hy nooi hulle om nederig en tog met vertroue in Sy teenwoordigheid te kom en toe te laat dat elke woord en handeling hul liefde en dankbaarheid uitdruk.

'n Uitnodiging om te Volg

Neem die ondervinding om 'n ander motor na 'n bestemming te volg. Alhoewel die idee eenvoudig genoeg lyk, sal ons gou uitvind dat om te volg nie bedoel is vir die wat onseker is nie. Geforseer deur oranje ligte, ry oor 'n paar rooies, raak agter, verloor sig van die kar voor, om te volg kan baie moeiliker wees as om te lei. Om te volg vereis ware nederigheid, skerp konsentrasie, 'n gewilligheid om risiko's te neem. Ons besef dat alles in ons weerstand bied om iemand anders te volg, veral as ons seker is dat ons dit op ons eie kon maak. Om te volg vereis egter dat ons, ons eie manier moet laat gaan en die leier moet volg.

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - God se uitnodigings…)

Baie aandag word vandag op leierskap geplaas. Die rakke van boekwinkels is oorlaai met leierskap boeke, en leierskap seminare en oorvloedige netwerke. Aan ons word vertel dat ons almal leiers in ons eie invloedsfeer is. Ons almal het leierskap potensiaal op 'n sekere vlak. Goeie leierskap is verseker noodsaaklik in die Kerk en in die wêreld. Maar in 'n kultuur wat behep is met leiers, wil niemand volg nie. Leierskap kom met beheer, mag, status en aandag. Wie wil vertel word, dat hulle groot "leierskap" potensiaal het?

En tog is dit presies waarna God soek as Hy ons nooi om te kom en Hom te volg. Wanneer ons daardie uitnodiging aanvaar, laat ons toe dat Hy die werk begin om ons karakter te bou en ons harte te vorm. Ons is nie langer die ruwe indiwidue nie, doen wat ons wil en wanneer ons wil. Ons moet nou die uitdaging van om te volg opneem, draai waar Hy draai, stop wanneer Hy stop, ompad neem waar Hy 'n ompad neem, liefhê wie Hy liefhet en dien diegene wat Hy dien.

Diens is van die uiterste belang vir die ware volgeling van die Here. Daar is meer as 1,400 verwysings in die Skrif na mense wat dien. Sommige is slawe, maar sommige is diegene wie God "vriend" noem, soos Abraham en Moses. Isak en Jakob, Josef en Josia, Kaleb en Samuel, Dawid en Salomo, Jesaja, Daniel, Sagaria, Paulus, Timotheus en dosyne ander word na verwys as dienaars en dien as voorbeelde van wat God Self as prysenswaardig vind. Deur hulle lewens in totale, vreugdevolle onderdanigheid neer te lê, het hulle Sy uitnodiging aanvaar om hulself te verneder en te volg.

Ons word verskeie kere in die boeke Numeri, Deuternomium en Josua vertel dat Kaleb die Here ten volle gevolg het en dat hy die God van Israel volkome gevolg het. Hy het die Here met groot dapperheid gedien, gewillig om teen die reuse te veg in die land asook om op te staan teen sy mede Israeliete wat 'n negatiewe verslag gebring het. Van sy jeug af tot op hoë ouderdom, het sy lewe God se teregwysing gevolg om reg te doen, genade lief gehad en het nederig met sy God gewandel. Daarvoor het die Here hom ryklik beloon.

'n Uitnodiging om Sy Beeld te Dra

Judaïsme en die Christendom glo albei dat die mens na God se beeld geskape is. In hierdie aspek was die mens uniek in die hele skepping, en nie net dat hy na die beeld van God geskape is nie. Genesis 1:27-28 vertel ons: **"En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit ...."** Daar is gesê, God het die Aarde met lewe gevul, en deur die krag van die seën, moet die mens Hom verder nadoen deur die Aarde aanhoudend aan te vul deur reg en geregtigheid te soek.

Dit is ook om hierdie rede dat elke individu 'n inherente reg het om met waardigheid en respek behandel te word. Sedert die beeld van God op elke mens afgestempel is, word God verklein deur die neem van elke mens se lewe en vernietig die wêreld.

Histories, het elke koning wat oorwin het, monumente van hulself opgerig in ver lande wat hulle ingeneem het as 'n taktiek om hul beheer te handhaaf. Hierdie monumente het 'n werklike beeld van die koning gedra en het 'n eie politieke funksie gehad. Hulle teenwoordigheid het gedien as 'n konstante waarskuwing aan almal wat in daardie land gebly het wie werklik in beheer was. Die volgeling van God, dien dieselfde funksie as 'n beeld draer: hy is inherent 'n teken van God se regerende gesag, om almal wat na Sy beeld kyk te herinner Wie werklik in beheer is. In Exodus 33, het Moses sy begeerte uitgespreek om meer van die Here te sien. "Wys my" sê hy: "Laat my U heerlikheid sien." Die Here het Moses se versoek toegestaan en Homself geopenbaar en Moses verklaar; " **HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe ..." (Ex. 34:6-7a).** Daardie selfde God nooi my en jou om Sy beeld te dra, Sy genade en goedheid te weerspieël aan almal wat ons teenkom, 'n teken vir die wêreld dat 'n God van genade in beheer is. Daar is nie 'n groter voorreg denkbaar nie.

'n Uitnodiging om te Kom

Laastens, een van God se mooiste en onweerstaanbaarste uitnodigings is eenvoudig, **"Kom na My toe."** Hy nooi ons uit, **"en Ek sal julle die begeertes van julle hart gee."** Kom en Ek sal jou beskerm en bevry, jou sonde wegneem en jou witter as sneeu was. Hy nooi die

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - God se uitnodigings)

dorstige om te kom drink, die hongerige om te kom eet, die wat moeg is om te kom rus, die blinde om te kom en te kan sien, die dowe om te kom en te kan hoor. Hy nooi die verlamde om te kom en herstel te ontvang, die sieke om te kom en genesing te ontvang.

"Kom", sê Hy "en word met My goedheid gevul, wees tevrede met die vettigheid van my huis; kom en wees vergewe, gereinig en verlos." Al wat ons moet doen is om te reageer. In die Skrif vind ons 'n soortgelyke uitnodiging, dit is in **Matt. 11:28: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee."**

Sulke uitnodigings word regdeur die Skrif gevind en in hulle almal, het God een duidelike doel – om ons uit die duisternis van die self te lei en in die lig van Sy liefde, sodat ons saam met die psalmis vreugdevol kan sê: **"Hoe kosbaar is u goedertierenheid, o God! Daarom skuil die mensekinders onder die skaduwee van u vleuels. Hulle verkwik hul aan die vettigheid van u huis, en U laat hulle drink uit die stroom van u genietinge. Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig" (Ps. 36:8-10). •**

- NEW BOOK -

"God's Eternal plan for Israel and His Church"

Book number 78 - R20.00 each

God's Perfect Time

It is amazing just how much our lives are governed by time. Just think about how quickly last year has flown by, and here we are standing on the brink of a brand new year – the year 2012. Last year probably contained times of great joy to many, and, to some, times of sorrow, but throughout it all, our Lord has remained faithful. He declared in His Word that.

To every*thing there is* a season, and a time to every purpose under the heaven: A time to be born, and a time to die; a time to plant, and a time to pluck up *that which is* planted; A time to kill, and a time to heal; a time to break down, and a time to build up; A time to weep, and a time to laugh; a time to mourn, and a time to dance; A time to cast away stones, and a time to gather stones together; a time to embrace, and a time to refrain from embracing; A time to get, and a time to lose; a time to keep, and a time to cast away; A time to rend, and a time to sew; a time to keep silence, and a time to speak; A time to love, and a time to hate; a time of war, and a time of peace. (Ecc. 3:1-8) We all experienced some of these times in 2011, but they last only for a season, and, in 2012, the Lord will present us with new delights and new opportunities so that we might come to know Him more and experience His strength and His blessings with each new day.

The year 2011 is now behind us, and therefore we can say with Paul: **... but *this* one thing *I do,* forgetting those things which are behind, and reaching forth unto those things which are before, I press toward the mark for the prize of the high calling of God in Christ Jesus. (Php. 3:13-14)** We can do this with bold assurance because God never changes with time, He is forever our refuge and our hope at all times.

We can look forward with joyful anticipation to what this year holds for us, for He knows our future and has it in His hands, therefore we trust Him and need have no fear. He says in **Jer. 29:11 For I know the thoughts and plans that I have for you, says the Lord, thoughts and plans for welfare and peace, and not for evil, to give you hope in your final outcome. (Amp. Bible)**

In fact, these times in which we are now living, however turbulent they may be, are exciting times for those serving the Lord Jesus and who are looking forward to His appearing, because according to the signs of these times, they correspond to the ones (described in the Bible), that will herald His coming! Read Matt chapter 24 and Luke chapter 21 to confirm this truth.

God has always placed great significance on His **set time** for His plans and purposes for man. His divine time for events which He had preordained to take place, and which came to pass exactly as was prophesied in His word, played an important part in proving to man that He is indeed the only true God, Creator of the Universe– the God of Abraham, Isaac and Jacob.

God had planned and purposed for Abraham and Sarah to

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - God's Perfect Tme)
have a son through whom He would establish an everlasting covenant, and that son was Isaac who would be born at God's **perfect time**. However, they could not wait for God's **set time**, so went ahead and made things happen in their own time. Ishmael was born and Abraham tried to talk God into accepting him as the son of promise, but without success. Their impatience in not waiting for God's time for them to bear a son, caused much grief.

We read the account of this in **Gen 17:19-22 And Abraham said unto God, O that Ishmael might live before thee! And God said, Sarah thy wife shall bear thee a son indeed; and thou shalt call his name Isaac: and I will establish my covenant with him for an everlasting covenant, *and* with his seed after him. And as for Ishmael, I have heard thee: Behold, I have blessed him, and will make him fruitful, and will multiply him exceedingly; twelve princes shall he beget, and I will make him a great nation. But my covenant will I establish with Isaac, which Sarah shall bear unto thee at this set time in the next year. And he left off talking with him, and God went up from Abraham.**

Then in Genesis chapter 21 we read of the fulfilment of what God had intended for them from the start: **And the LORD visited Sarah as he had said, and the LORD did unto Sarah as he had spoken. For Sarah conceived, and bare Abraham a son in his old age, AT THE SET TIME OF WHICH GOD HAD SPOKEN TO HIM. And Abraham called the name of his son that was born unto him, whom Sarah bare to him, Isaac. (Gen 21:1-3)** God's will was for Abraham and Sarah to bare a son, and important as His will for them was, His **set time** for it to take place**,** was JUST as important!

We see this truth illustrated with the plagues God allowed to come upon Egypt when Pharaoh refused to let the Hebrews go and worship Him. We read in **Exodus 9:4-6 And the LORD shall sever between the cattle of Israel and the cattle of Egypt: and there shall nothing die of all *that is* the children's of Israel. AND THE LORD APPOINTED A SET TIME, saying, Tomorrow the LORD shall do this thing in the land. And the LORD did that thing on the morrow, and all the cattle of Egypt died: but of the cattle of the children of Israel died not one.** God told them WHAT He planned to do, and He also told them WHEN He planned to do it! At His SET TIME, He kept His Word, proving His Sovereignty. God's plan to free His people from slavery, had always been His purpose for them, but now His set time had come, and He went into action after their 400 allotted years in Egypt.

The exciting thing about knowing that God has a set time in His agenda for man is, that we can enter this year 2012 with the knowledge that He is COMPLETELY IN CONTROL! Everything is on track. Nothing that is happening in the world is a surprise to Him! Some people who acknowledge that God is the Creator of the Earth, think that He has lost control of it somewhere down the line, and this is absolutely not true. The God who began it all, will certainly be in control right up to the end when it is destroyed and He creates a new Heaven and a new Earth.

A wonderful purpose of God and Bible prophecy that has come to pass in our life time, is that of Israel becoming a nation again after so many years of the Jews having been dispersed all over the world. God had **His set time** for this to occur, and it was a miracle to behold. A nation being once again restored with a language which had not been spoken for ages, the shekel returned as its monetary system, a very formidable military and the desert that has bloomed once again where there had previously only been sand and no trees at all. A miracle, yet God had spoken about His **set time,** when this would take place; **Psalm 102:12-13 But thou, O LORD, shalt endure for ever; and thy remembrance unto all generations. Thou shalt arise, *and* have mercy upon Zion: FOR THE TIME TO FAVOUR HER, YEA, THE SET TIME ,IS COME.**

God's set time for the Nation of Israel to be born in a day, was **14th** May, 1948. We read this in Isaiah. **Who hath heard such a thing? who hath seen such things? Shall the earth be made to bring forth in one day? *or* shall a nation be born at once? for as soon as Zion travailed, she brought forth her children. Shall I bring to the birth, and not cause to bring forth? saith the LORD: shall I cause to bring forth, and shut *the womb?* saith thy God. Rejoice ye with Jerusalem, and be glad with her, all ye that love her: rejoice for joy with her, all ye that mourn for her: (Isa 66:8-10)** And this fulfilled prophecy is of great importance to all those love the Lord and are awaiting His coming, because verses 14 to 16 of Psalm 102 which we read earlier says: **For thy servants take pleasure in her stones, and favour the dust thereof. So the heathen shall fear the name of the LORD, and all the kings of the earth thy glory. When the LORD shall build up Zion, HE SHALL APPEAR IN HIS GLORY. (Psalm 102:14-16)** God's set time for restoration of Israel is closely related to the return of our Lord Jesus, the exact time of which only our Heavenly Father knows.

God has a set time for Jesus' return, just as He had His set time for Jesus' birth. **Gal. 4:4-5:**

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - God's Perfect Tme…..)
But when the FULNESS OF THE TIME WAS COME, God sent forth His Son, made of a woman, made under the law, To redeem them that were under the law, that we might receive the adoption of sons. Jesus was born at a specific time purposed by God before the foundation of the world, and there are many prophecies pertaining to His birth which were fulfilled in detail. God's set time for His crucifixion was determined to the very day and hour. **Mark 15:25; And it was the third hour, and they crucified Him.** It was at exactly the same time that God's people were offering their sacrificial lambs to God at Passover. God's set time for Jesus' death was deliberately intended to point them to the LAMB OF GOD Who would take away the sins of the world, making our salvation possible.

For He saith, I have heard thee in a time accepted, and in the day of salvation have I succoured thee: behold, NOW IS THE ACCEPTED TIME; BEHOLD, NOW IS THE DAY OF SALVATION.(2 Cor. 6:2) We can now receive Jesus as our personal Saviour at any time, because His redeeming work for mankind has been done and completed, therefore today is the day of salvation. When Jesus came to Earth the first time, it was at His Father's set time for the salvation of the whosoever will. Hebrews says: **So Christ was once offered to bear the sins of many; and unto them that look for Him shall He appear the second time without sin unto salvation. (Heb. 9:28).** Jesus is coming again and this time He is coming to fetch those who received salvation when He came the first time, and ARE LOOKING FOR HIS APPEARING! Peter tells us that we have an inheritance in heaven which awaits us and to which we can look forward. He says in: **1 Pet. 1:3-5) Blessed *be* the God and Father of our Lord Jesus Christ, which according to his abundant mercy hath begotten us again unto a lively hope by the resurrection of Jesus Christ from the dead, To an inheritance incorruptible, and undefiled, and that fadeth not away, reserved in heaven for you, Who are kept by the power of God through faith unto salvation ready to be revealed in the last time.** However, until that time comes, we are exhorted to make good use of the time still available to us here on earth. **See then that ye walk circumspectly, not as fools, but as wise, Redeeming the time, because the days are evil. (Eph. 5:15-16)** We are to be prepared and ready for that great and awesome day when Jesus comes to fetch us:

Wherefore gird up the loins of your mind, be sober, and hope to the end for the grace that is to be brought unto you at the revelation of Jesus Christ; As obedient children, not fashioning yourselves according to the former lusts in your ignorance: But as He which hath called you is holy, so be ye holy in all manner of conversation; Because it is written, Be ye holy; for I am holy. And if ye call on the Father, who without respect of persons judgeth according to every man's work, PASS THE TIME OF YOUR SOJOURNING HERE IN FEAR: Forasmuch as ye know that ye were not redeemed with corruptible things, *as* silver and gold, from your vain conversation *received* by tradition from your fathers; But with the precious blood of Christ, as of a lamb without blemish and without spot: Who verily was foreordained before the foundation of the world, but was manifest in these last times for you,... But the end of all things is at hand: be ye therefore sober, and watch unto prayer... For the time *is come* that judgment must begin at the house of God: and if *it* first *begin* at us, what shall the end *be* of them that obey not the gospel of God? (1Pet. 1:13-20; 4:7;4:17)

Having said that, there is also much work to be done before Jesus' coming, and Father God is dependent on you and me to invest our remaining time in gathering in His end time harvest of lost souls for His Kingdom. His word says that wishes that none should perish, but that all would come to repentance and a knowledge of His saving grace, through His Son Jesus Christ. That is the very heart cry of our Heavenly Father, and all of us at the Centre feel this burden more than ever before. **And this gospel of the kingdom shall be preached in all the world for a witness unto all nations; and then shall the end come. (Matt. 24:14)**

I want to leave you with one last thought, it is found in the book of Esther which I encourage you to read. It is a wonderful account of a Jewish woman, Esther, who, in the face of the most improbable circumstances, became Queen and was able to influence her husband , King Ahasuerus, (this *is* Ahasuerus which reigned, from India even unto Ethiopia, *over* an hundred and seven and twenty provinces:) at a crucial time in history when it appeared that all the Jews would be killed. She was God's instrument in His plan to save her people, and she was obedient to the Lord in the face of much danger to her own life. She had to speak out in order for them to be saved, and we read the words of Mordecai who encouraged her in this life and death situation. He said to her: **For if thou altogether holdest thy peace at this time, *then* shall there enlargement and deliverance arise to the Jews from another place; but thou and thy father's house shall be destroyed: AND WHO KNOWETH WHETHER THOU**

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 - God's Perfect Tme...)

ART COME INTO THE KINGDOM FOR SUCH A TIME AS THIS ? (Est. 4:14)

God has placed each one of us in the place of His choosing for "a time such as this". A place where we can be used as instruments to bring salvation to those whose fate, without Jesus, is eternal death. It is no coincidence that you and I have been sought and saved by God's mercy and grace at this time in His calendar. I believe that we have been placed on this earth at His SET TIME for His perfect plan and purpose for our lives, and that He has ordained our every step. We should pray earnestly and then to respond to His end time call for the salvation of lost souls, and make it our number one priority for 2016.


I am convinced that this year is going to be an exciting and glorious one, because "where sin abounds, much more does grace abound", **And God *is* able to make all grace abound toward you; that ye, always having all sufficiency in all *things,* may abound to every good work: (2Cor. 9:8)**

We, who seek His will to obey, can expect to have a beautiful new year with Jesus because, **He has made every*thing* beautiful in His time.... (Ecc. 3:11) ●**

NEHEMIAH

A PRACTICAL GUIDE TO CHRISTIANITY
by Pastor David Gericke @ R45.00 per copy

A step by step teaching on how to overcome the opposition facing every Believer. Nehemiah's vision, faith, warefare and perseverance shows us how to succeed through prayer.





UIT ONS KANTOOR

GOD WIL Hê DAT JY VRY VAN BEKOMMERNIS MOET WEES

Matt. 6:25: Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe — wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam — wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?

Is jou hart vol bekommernis oor jou gesondheid, finansies, gesin of die toekoms? Selfs wanneer alles goed gaan, is sommige mense bekommerd omdat hulle ander hoor sê het: "Jy behoort jou te bekommer wanneer alles rustig is omdat iets verkeerd is wanneer die duiwel jou alleen los." Dus is hulle bekommerd selfs wanneer daar niks is om oor bekommerd te wees nie!

Maar Jesus wil nie hê dat jy jou moet bekommer oor wat jy wil eet of drink nie, of oor jou liggaam en wat jy moet aantrek nie. Hy sê vir jou om nie bekommerd te wees oor jou daaglikse behoeftes nie, omdat God, wat jou Hemelse Vader is, weet dat jy al hierdie dinge nodig het en Hy wil hierdie dinge vir jou gee (Matt. 6:32–33).

God is dieselfde God wat omgesien het na die kinders van Israel in die woestyn, met manne gevoed het elke dag vir 40 jaar! (Exodus 16) Onder Sy versorging, het geeneen van Sy volk tekort gehad nie. Toe Sy volk vleis vir ete gehad het, het Hy eenvoudig kwartels op hulle laat reën (Num. 11:31–32). Die kinders van Israel moes hulle net optel. As hulle self na vleis gaan soek het, sou hulle waarskynlik niks in die woestyn gekry het nie.

Ons probleem vandag is dat ons dink ons moet iets doen om onsself te help. Party van ons mag selfs dink dat dit maklik vir Jesus is om te sê: "Moenie bekommerd wees nie. Moenie aan jou lewe dink nie," omdat Hy nie die probleme verstaan wat ons in die lewe in die gesig staar nie.

Die waarheid is egter dat Jesus die probleme verstaan wat ons in die lewe in die gesig staar. In der waarheid het Hy, wat ek die "finale probleem" noem in die gesig gestaar – die dood. Die dood is die "finale probleem" omdat dit 'n einde bring aan al ons ander probleme. Jesus het die dood in die gesig gestaar aan die kruis, dit oorwin en uit die dood opgestaan. En omdat Hy die probleem van alle probleme oorwin het, kan ons Hom vertrou wanneer Hy vir ons sê om nie bekommerd te wees nie!

Ons wil ook vir elkeen van julle bedank vir julle wonderlike ondersteuning deur middel van jul liefde, getuienisse, finansies en gebede wat ons in staat stel om die Goeie Nuus te verkondig in hierdie eindtye en ons arms omhoog hou. Ons bid vir elkeen van julle dat die Here julle sal beskerm en oorvloedig sal seën.

Met al ons liefde.

Meg en die gebed span.

Meg en die Gebedspan

Ons God van wonderwerke..

Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Goeie More Mev. van Zyl,

U gebed span het onlangs vir my suster gebid vir genesing van kanker wat deur haar hele lyf versprei was en die dokters het gesê dat hulle haar maar net behandeling gee as troos. Haar naam is Lizette Rossouw en ek dink my suster Marietjie Hattingh het die versoek gestuur. Die wonderlikste is dat sy volkome genees is en boon-op so baie gewig verloor het dat sy soos 'n nuwe mens lyk. God is waarlik so oneindig Groot.

Julle is wonderlike kinders van God.

Byvoorbaat baie dankie

Arlene Bronkhorst

Goeiemôre. Soos julle hieronder kan sien is die e-pos al so oud. My ouers kry gereeld julle nuusbriewe en ons lees altyd van die wonderwerke deur gebede. Ek wil maar net graag met julle deel dat ek 'n maand na die gebede swanger geraak het. in Maart 2014 is 'n volmaakte baba seuntjie gebore. Ons klein wonderwerkie. Tyd gaan omtrent vinnig verby en hy is nou al so groot.

Baie baie dankie vir die gebede. Die Here is so getrou.

Ek wil vra of julle dalk weer sal bid vir babatjie nommer twee. Ons glo en bid vir nog 'n wonderwerkie. Mooi dag vir julle.

Groete, Ilze Erasmus

Graag wil ek baie dankie sê vir die nuusbrief wat ek maandeliks ontvang, ek geniet dit vreeslik. Dan wil ek baie dankie sê aan God ons groot Geneser en ook aan die gebed span, ek het geskakel en voorbidding gevra vir my dogter, die Drs. was seker sy het keelkanker en het geopereer, al die toetse was negatief, en daarvoor loof ons Jesus ons Heer en ook almal wat vir haar gebid het.

Ons dra julle ook almal op aan ons Heer en mag Hy julle almal ryklik seën vir die wonderlike werk wat julle doen vir God se Koninkryk.

Liefdegroete

Elize de Jager

Baie, baie dankie vir julle gebede. 'n Wonderwerk het plaasgevind verlede week. Ek het gevra vir gebed vir my niggie. Sy was gediagnoseer vir been kanker. Na die skandering het hulle vir haar gesê sy moet wag om die spesialis te sien vir die uitslag. Toe sy wel gaan, toe vind hulle geen maar geen teken van enige kanker. Ons prys God!! Ons weet Sy koms is baie naby, maar Hy is en bly op die troon. Hy is en sal altyd in beheer wees!! Baie dankie vir die werk wat julle doen. God se rykste seën word julle altyd toegebid.

Liefdegroete in Christus

Mercia Cloete, Despatch

GOD IS 'N GEWER NIE 'N NEMER

Rom. 8:32: Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?

Christene glo verkeerdelik dat God gee en ook weg neem. By begrafnisse hoor ons soms dat die predikant sê: "Die Here het gegee en die Here het geneem. Geseënd is die naam van die Here." Ek onthou 'n geval toe ek na 'n baba gekyk het wat aan kanker gely het. Ek het gehoor dat een van sy familielede sê: "Jy kan nie seker wees wat God se wil is nie. Hy mag of Hy mag nie genees nie." Wat daardie persoon bedoel het was dat alhoewel die Here die baba aan die ouers gegee het, mag Hy die baba later van hulle wegneem.

Job het dieselfde houding getoon toe hy die nuus ontvang het dat hy sy eiendom en kinders verloor het. Hy het gedink dat God die bron van sy probleme was en nie geweet dat dit in werklikheid Satan was wat teen hom gekom het nie, hy het gesê: "**Naak het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek daarheen terugkeer. Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd!**" **(Job 1:21)** Dit wil voorkom asof so 'n stelling God eer, maar in werklikheid openbaar dit 'n verkeerde siening van ons hemelse Vader.

As kinders van God, weet ons wat die Vader se wil vir ons is. Hy is 'n gewer, nie 'n nemer nie! Jesus het gesê: "**Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n welbehae daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee"** (**Luk. 12:32).** Dit is die duiwel wat die dief is. Hy kom om te steel, te slag en te verwoes. Maar Jesus het gekom om ons lewe in oorvloed te gee (Joh. 10:10).

Jesus het elke behoefte voorsien en elke siekte genees wat na Hom gebring is en aan die kruis het Hy Sy eie lewe gegee. Nie een keer het Hy enigiets van mense weggeneem wat na Hom gekom het nie. En die Bybel sê dat wie Jesus gesien het, het die Vader gesien (Joh. 14:9).

Geliefde, jou hemelse Vader wil vandag hê dat jy moet weet dat Hy die een is wat jou alle goeie dinge gee. En as Hy reeds vir ons die hemel se beste gegee het – Jesus, "hoe sal Hy nie saam met Hom ook alle dinge vrylik vir ons gee nie?"